HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

JAARVERSLAG

2016

NA GRAAD 12 HERMERKE

VYFTIG-JARIGE HERDENKINGSJAAR

ALGEMENE INLIGTING

LEERDERTAL : 10DE SKOOLDAG : 2016

	Seuns	Dogters	Totaal
Gr 8	98	92	190
Gr 9	82	57	139
Gr 10	88	73	161
Gr 11	66	59	125
Gr 12	64	87	151
Totaal	**398**	**368**	**766**

DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED

GRAAD 8 EN 9 : ALGEMENE OPVOEDING EN OPLEIDING (GET)

Die volgende leerareas, wat onderhewig is aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys, word gevolg:

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie;
- Wiskundige Geletterdheid en Wiskunde;
- Natuurwetenskap;
- Sosiale Wetenskap;
- Tegnologie;
- Lewensoriëntering;
- Ekonomiese en Bestuurswetenskap;
- Kuns en Kultuur.

Graad 9-leerders skryf psigometriese toetse ten einde die regte vakkeuse vir graad 10 te maak. Die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid verleen dan individuele hulp aan graad 9-leerders en hul ouers sodat hulle 'n ingeligte en verantwoordelike besluit kan neem.

GRAAD 10 TOT 12 : VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (FET/VOO)

Leerders wat die VOO suksesvol voltooi, ontvang aan die einde van graad 12 'n sertifikaat. Hierdie VOO-sertifikaat is 'n vlak-4-kwalifikasie, soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasie-owerhede.

Die doel van die VOO is om:

- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus om sinvol in die gemeenskap deel te neem;
- 'n betroubare en geloofwaardige basis te vorm vir verdere toelating tot Hoër Onderwys;
- werkgewers 'n realistiese profiel van die leerder se kennis, vaardighede en vermoë te gee.

Die VOO bestaan uit 'n fundamentele komponent en 'n kern- en keusekomponent.

FUNDAMENTEEL (Verpligtend)	• Afrikaans Huistaal • English Home Language of English First Additional Language • Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid • Lewensoriëntering
KERN & KEUSE	
Kuns & Kultuur	• Ontwerp • Dramatiese Kunste • Musiek • Dans • Visuele Kunste
Sake, Handel & Bestuurstudies	• Rekeningkunde • Besigheidstudies • Ekonomie • Gasvryheidstudie • Toerisme
Vervaardiging, Ingenieurs & Tegnologie	• Ingenieursgrafika en -ontwerp • Siviele Tegnologie (gr 12)
Mens & Sosiale Studies & Tale	• Geografie
Fisiese, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- & Landbouwetenskappe	• Rekenaartoepassingstegnologie • Inligtingstegnologie • Lewenswetenskappe • Fisiese Wetenskappe
Na-uurse vakke	• Duits • Ontwerp • Musiek • Inligtingstegnologie • Rekenaartoepassingstegnologie • Ekonomie

GEVORDERDE WISKUNDE

Die sillabus van hierdie addisionele vak is gerig op leerders wat goed presteer in Wiskunde om hulle hoër denkprosesse te ontwikkel en hulle voor te berei op 'n suksesvolle universiteitsloopbaan.

Die vak word aangebied onder leiding van ∝δM∝τhs in Brackenfell. Leerders kan reeds in graad 9 inskryf. Klasse is een keer per week, een en 'n half uur lank. Lesinhoud en ander inligting word op elke leerder se eie webprofiel publiseer.

Mev. Ellenize Mans bied die graad 9- en graad 10-klasse aan en mev. Alda Laubscher is die onderwyser vir graad 11 en 12.

Assessering word gedoen deur middel van tutoriale en formele toetse en eksamens. In graad 12 word die rekordeksamen en eindeksamen van die Onafhanklike Eksamenraad afgelê. Leerders ontvang 'n afsonderlike sertifikaat met hulle Gevorderde Program Wiskundepunt.

SPORTSOORTE BY DIE SKOOL

Atletiek, hokkie, krieket, landloop, netbal, perdry, rugby, skaak, swem, tafeltennis en tennis. Ons leerders neem ook deel aan dans, hengel, karate, skiet, tae kwondo, gholf, bergfietsry ("adventure racing"), ens.

OP DIE VERHOOG VIND ONS

Koor en acapella, verhoogproduksies, dramaproduksies, debat (Eng.), redenaars (Afr. & Eng.), kunskompetisies & kunsuitstallings, skryfkompetisies, Eisteddfod, 'n kultuurfees vir almal, orkeste, sang en instrumentele musiek.

PERSONEELPROFIEL

Hoërskool Randburg se personeel bestaan uit 48 onderwysers, 1 opvoedkundige sielkundige, 5 musieksentrumpersoneel, 6 administratiewe personeel, 4 ondersteuningspersoneel en 16 algemene assistente.

Inligting van onderwysers is as volg

Ouderdom (in jare)	< 30	30 – 40	41 – 50	> 50
	10	15	11	27

Totale aantal jare ondervinding	910

Totale aantal jare werksaam by Hoërskool Randburg	546

Jare graad 12-onderwysondervinding	> 30	20 – 29	10 – 19	< 10
	3	6	9	28

Jare graad 12-nasienondervinding	> 30	20 – 29	10 – 19	< 10
	0	3	5	37

Hoofleiers	15

DUX-leerders	5

Provinsiale sportkleure	18

Tersiêre Kwalifikasies		
	Nagraadse Diploma (nie-onderwys)	11
	Diploma (onderwys)	25
	B-graad	30
	Hons. & B.Ed	21
	Meesters	5
	Doktorsgraad	1

ONDERSTEUNERSGELEENTHEDE VIR OUERS

- Hoërskool Randburg se ouers bedryf ondersteuneraksies in verskeie sport- en kultuuraktiwiteite wat fondse insamel vir die ondersteuning van skoolaktiwiteite, d.i. sport, kultuur & akademie. Sulke komitees word behoorlik gekonstitueer.
- Kwaliteit afrigters word met behulp van ouers vir A- en B-spanne voorsien.
- Toerusting word aangekoop en fasiliteite word uitgebrei en in stand gehou.

ONDERWYSHULPDIENS

Die volgende is van die dienste wat by die skool aangebied word:

- Vakbegeleiding;
- die skool doen psigometriese toetsings om leerders met vakkeuse te help;
- beroepsleiding;
- ondersteuning vir onderpresteerders en druipelinge;
- opvoedkundige sielkundige voltyds in diens by die SAU vir korttermyn intervensies;
- leerfasilitering;
- trauma-hantering en verwysing soos nodig;
- 'n studiewerkswinkel word jaarliks vir graad 8-leerders aangebied.

Die meeste van dié dienste word aangebied en bestuur vanuit die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

MATRIEKAFSKEID

2016 se matriekafskeid was 'n stylvolle funksie te Randpark Gholfklub. Ouers het weereens geen moeite ontsien om hierdie 'n onvergeetlike aand vir hul kinders te maak nie.

OUERAANDE

Jaarliks word oueraande vir spesifieke grade gehou en ook vakaande waar ouers die geleentheid kry om vakonderwysers te besoek. Graadoueraande word in groepe bygewoon, terwyl algemene aande per afspraak plaasvind.

PERSONEEL WAT IN 2016 BY ONS BEGIN HET

- Jurden Brits
- Corné Basson
- Hendri Massyn
- De Wet Schlebush
- Sanmarie de Kock
- Rina van Heerden
- Nita Mouton
- Marietjie van der Walt
- Mark Manley
- Jan Labuschagne
- Douwlina Fourie
- Celia de Beer
- Gerda van Coller

PERSONEEL WAT ONS IN 2016 VERLAAT

- Hendri Massyn
- Priscilla Maritz
- Lynette Walters
- JP Olivier
- Franci Gerber
- Elsie Pretorius
- Hein Hefer

DIE BEHEERLIGGAAM VAN 2016

PERSONEEL: Pieter Booysen (Hoof); Tony Knoetze (Adjunkhoof); Grethe van Zyl en JP Olivier. **OUERS:** Carolina Henn; André Jooste; Johan Laubscher; Ida Mac Donnell; Marius Meyer (Voorsitter); Graeme Ross; Gerhard Viljoen en Pieter Wessels. **LEERDERS:** Charl du Toit en Margi Eksteen.

STUDENTEFORUM VAN 2016

Seniorkomponent (graad 12)

Eloise Barnard; Bernard Boekkooi; Divan Bruwer; Charlize Burger; Neena de Frey; Dewald du Plooy; Charl du Toit (hoofleier); Margi Eksteen (hoofleier); Michelle Fouché; Erick Fourie (o/hoofleier); Mariska Fourie; Hennie Honiball; Joani Louw; Jacques Lubbe; Amri McCarthy; Leana Meyer; Kale Neethling; Tylo Neethling; Janru Oosthuizen; Caren Pretorius; Allen Schmidt; Zelda Spijkerman (o/hoofleier); Chanté Stadler; Quintin Strydom; Cherise van Rooyen; McDonald vd Merwe; Ruben vd Merwe; Christopher vd Westhuizen (o/hoofleier); Daniël Venter; Thalita Venter; Marisa von Maltitz en Nicole Zaayman (o/hoofleier).

Juniorkomponent (graad 8 tot 12)

Gr 12

A: Stevan Pieterse en Natacha Goërtz
B: Karl-Heinz Göbel en Mia Walters
C: Carl Teunen en Lizl van Jaarsveld
D: Bernhard Heymans en Nadia vd Merwe
E: Kobus Southon en Heidi du Plessis
F: Kristian Blom en Kiara J van Rensburg

Gr 11

A: Thomas Prins en Melissa Kapp
B: Daniël Viljoen en Jomariet Jonker
C: Richart Ross en Britney Fouché
D: Walther Ross en Mia Oosthuizen

Gr 10

A: Dewaldt Jacobs en Nicole Robertson
B: Basil vd Merwe en Karlie Barnard
C: Pieter Booysen en Celia Britz
D: Stefan Kirsten en Courtney Jooste
E: Tim van Zyl en Kara de Bruin
F: Armin Grobbelaar en Lisa de Beer

Gr 9

A: Christiaan Keet en Katy Ndlovu
B: Christiaan Blom en Kirsten Heymans
C: Ruben Bruwer en Kyla Hoogendoorn
D: Isak Smith en Megan Diffenthal
E: Ivan J van Rensburg en Azéle Strydom
F: Armand Terre'Blanche en Alexia Goosen

Gr 8

A: Stephan Slabber en Amoré Vlok
B: Neal Slabbert en Mikaela Jones
C: Jayden Bester en Kayla vd Merwe
D: Albert Kirsten en Amica Human
E: Ruan van Tonder en Michaela Rossouw
F: Jacques Tredoux en Romi Blom
G: Pieter-Jan Bosman en Carla Fourie

2016 GRAADVOOGDE



FINANSIES (2016)

Die finansiële posisie van Hoërskool Randburg gedurende 2016 was gesond. Hoewel die ekonomie ons ook druk, was uitgawes binne begroting en het ons besparings sover moontlik probeer aangaan. Dankie aan alle ouers wat getrou hulle skoolgeldverpligtinge nagekom het. Teen die ouers wat geen reëlings met die Beheerliggaam getref het vir betaling van skoolgelde nie, moes daar noodgedwonge verdere stappe gedoen word. Baie aandag word geskenk aan die invordering van agterstallige skoolgelde.
Baie dankie aan die Finansiële Komitee wat baie tyd ingesit het om die finansiële stand van die skool op gesonde wyse te bestuur.

AKADEMIE 2016

MATRIEKUITSLAE : NA HERMERKE

150 kandidate skryf die finale Nasionale Senior sertifikaateksamen van 2016 soos deur die GDO afgeneem. 100% slaagsyfer. 250 Vakonderskeidings word behaal, dus 1.67 onderskeidings per leerder.

AKADEMIESE REKORD VANAF 1996

Jaar	Kandi-date	Druipe- linge	Vry-stelling	% Vry-stelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies					
							10A's	9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
1996	185	0	124	67.03	122	0.66					3	3
1997	179	1	93	51.96	123	0.69				1	3	5
1998	186	0	120	64.52	110	0.59					2	7
1999	212	0	121	57.08	135	0.64				3	2	2
2000	196	0	136	69.39	156	0.80				3	3	3
2001	231	0	179	77.49	274	1.19				1	3	8
2002	199	0	143	71.86	319	1.60			1	4	8	13
2003	197	0	117	59.39	282	1.43			1	5	8	4
2004	173	0	113	65.32	251	1.45			3	2	8	7
2005	171	0	112	65.50	286	1.67		1	2	7	8	6
2006	163	0	113	69.33	215	1.32				6	7	5
2007	175	2	120	68.57	170	0.97		1	0	4	5	3
2008	174	1	147	84.48	269	1.55		3	4	3	7	3
2009	154	0	124	80.52	262	1.70		0	2	5	5	8
2010	124	0	89	71.77	218	1.76		1	2	2	8	8
2011	107	0	77	71.96	146	1.36	1	2	1	1	3	2
2012	143	0	97	67.83	177	1.24	0	1	4	4	2	4
2013	141	2	110	78.01	244	1.73	0	4	2	3	3	5
2014	128	0	95	74.22	190	1.48	0	0	2	5	5	2
2015	127	0	98	77.17	185	1.46	0	3	2	3	2	2
2016	150	0	107	71.33	250	1.67	0	0	3	5	6	5
TOTAAL:	3515	6	2435	69.27	4384	1.25	1	16	29	67	101	105

AGT ONDERSKEIDINGS

Marisa von Maltitz
Afrikaans
English HL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Visuele Kunste
AP Maths

Caren Pretorius
Afrikaans
English HL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Ontwerp
Lewenswetenskappe
Musiek
Fisiese Wetenskappe

Mariska Fourie
Afrikaans
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Ekonomie
Wiskunde
Duits
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe

SEWE ONDERSKEIDINGS

Zelda Spijkermann
Afrikaans
English HL
Wiskunde
Lewensoriëntering
IGO
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Michelle Fouché
Afrikaans
English FAL
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Besigheidstudies
Ekonomie
Fisiese Wetenskappe

Daniël Venter
English FAL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Besigheidstudies
RTT
Ekonomie

Raymond Walters
English FAL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Geografie
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe
AP Maths

Nicole Zaayman
Afrikaans
English HL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Visuele Kunste

Lizl van Jaarsveld
Afrikaans
Engels HL
Wiskunde
Lewensoriëntering
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

SES ONDERSKEIDINGS

Elouise Barnard
Afrikaans
Wiskunde
Lewensoriëntering
RTT
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Charlize Burger
Afrikaans
Wiskunde
Lewensoriëntering
IGO
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Natacha Goërtz
Afrikaans
English HL
Lewensoriëntering
Besigheidstudies
RTT
Ekonomie

Neena de Frey
Afrikaans
English FAL
Lewensoriëntering
Musiek
Fisiese Wetenskappe
Besigheidstudies

Jenny Hodgson
Wiskunde
Lewensoriëntering
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Afrikaans

Joani Louw
Afrikaans
English FAL
Lewensoriëntering
Besigheidstudies
Ekonomie
Wiskunde

VYF ONDERSKEIDINGS

Carl Teunen
Afrikaans
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Ekonomie
Fisiese Wetenskappe

Erick Fourie
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
IGO
Fisiese Wetenskappe

Quintin Strydom
Wiskunde
Lewensoriëntering
IGO
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe

Zandré Jansen
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
IGO
Fisiese Wetenskappe

Leane Naude
Wiskunde
Lewensoriëntering
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

VIER ONDERSKEIDINGS

Janique du Toit
Richard Teunen
Margi Eksteen
Danél van Wyk

DRIE ONDERSKEIDINGS

Beatri Swanepoel
Megan Swanepoel
Hendrik Honiball
Christopher van der Westhuizen
Thalita Venter
Mariska Booysens
Charné de Kock
Chantelle Clark
Cherise van Rooyen



UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2016

Graad	Aantal	Druipelinge	Toppresteerders
8	184	1	Amoré Vlok
9	133	4	Klarika Keyter
10	159	2	Celia Britz
11	127	1	Walther Ross

AKADEMIESE PRESTASIES & OLIMPIADES

- Armand Vlok dring na die derde rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade deur.
- Sean Groenewald (gr 10) is onder die top 5 van die Universiteit van Pretoria se Wiskunde-kompetisie.
- Walther Ross, Armand Vlok, Avian du Plessis word genooi om aan die spankompetisie van die Wiskunde Interprovinsiale Olimpiade deel te neem.
- Sean Groenewald verwerf 'n goue sertifikaat by die tweede rondte van die IT Olimpiade.

ROBOTIKA

Hoërskool Randburg se eerste Robotika-klub is aan die gang. Hierdie klub fokus op die bou en programmering van lego-robotte o.l.v. Johan Benade van "Brickplay". Laerskool Unika se top 10 akademiese presteerders word genooi vir 'n robotika dag by Hoërskool Randburg.

AKADEMIESE UITSTAPPIES

- Gr 12 Engels na Constitution Hill;
- Gr 12 Musiek na opera "Die Towerfluit" wat deel is van hulle werkskedule;
- Gr 10 en 11 Drama filmstudie: Modder en Bloed;
- Gr 10 en 11 Musiek na "Joseph and his technicolor dreamcoat" as deel van hulle werkskedule;
- Gr 10 en 11 IT Delphi-dag en IT Geexpo.

OUDLEERDERS WAT OP AKADEMIESE GEBIED PRESTEER (2016)

- Graeme Lubbe: Top Metallurgiese Ingenieurs Student (tweede jaar) (in eerste jaar 100% vir Fisika & Golden Key
- Louis Coetzee: Golden Key (B.Com Rek) (tweede jaar)
- Tiaan Swartz: Golden Key (Ing.) (tweede jaar)
- Juandré van Schalkwyk: Golden Key (B.Com Rek) (tweede jaar)

SPORT

NASIONALE DEELNAME EN SPRINGBOKKLEURE

- Wenner van Veelkamp op SA – Ancke Botha
- Veelkamp : Ancke Botha wenner van onder 17-dogters
- Aksiekrieket : Charl du Toit (Proteakleure)
- Artistiese gimnastiek – Alan Marais

PROVINSIALE DEELNAME EN GAUTENGKLEURE (NEEM NASIONAAL DEEL)

- Bergfiets : Francois Botha
- Tafeltennis : Ruben Swartz
- Artistiese gimnastiek : Alan Marais
- Aksienetbal : Chanté Stadler
- Tennis : Christiaan Blom, Bushi Seihleko, Albert Kirsten, Evert van Schalkwyk
- Atletiek : Rynard Swanepoel, Daniël Viljoen, Stefan Swanepoel, Megan Diffenthal, Runé de Beer, Ancke Botha, Danielle van Wyk, Leandra Greyling, Michelle Fouché en Elizna von Alleman
- Veelkamp : Amoré Vlok, Elizna von Alleman en Ancke Botha
- Netbal : Nicole Robertson en Anja Schreuder
- Krieket : Charl du Toit
- Landloop: Rynard Swanepoel, Megan Diffenthal, Runé de Beer, Amber Jevon, Daniël Viljoen en Leandra Greyling
- Aksiekrieket: Khalin Pretorius
- Skyrskiet: Avian du Plessis
- Tafeltennis: Ruben Swartz
- Aksienetbal: Rione Pelzer
- Figuurskaats: Amoné de Bruyn
- Tweekamp: Klarika Keyter en Daniel Keet.
- Ruitersport: Stephanie van den Heever
- Netbal: Amica Human

SPANPRESTASIES

- Onder 15-rugyspan wenners van NWU-Pukke Prestige-reeks en wenners by Hansieweek;
- Onder 17A-netbal ligawenners;
- Onder 15A-dogtershokkie wen hulle liga.

KULTUUR

KOOR

Koor (o.l.v. Franco Prinsloo) het in die Junievakansie 'n toer na die Grahamstad Kunstefees onderneem, waar hulle ongelooflike goeie resensies gekry het; galakonsert saam met die PUK koor; Viva la Musica is aangebied in die ouditorium van UJ met laerskoolkore as gaste. Kooroudisies vir 2017 is gehou - meer as 100 lede slaag oudisies.

ANDER MUSIEKKOMPETISIES EN OPTREDES:

"TALENT AFRICA" NASIONALE RONDTE:

Celia Britz (Gr. 10): 8 Goud, Aangewys as "Top Model Over all" ("All ages"), Asook "Face of Talent Africa", "Acting" Top 10;
Lauren Blight (Gr 10): 6 Goud, Top 10 Sang "Over all" ("All ages");
Céhanè de Beer (Gr 10): 4 Goud, Top 10 Drama, Spesiale toekenning: "Most promising actress", duet met meeste potensiaal;
Nicola Kotze (Gr 9): Tweede plek "Over all" ("All categories") 13-15 jaar;
Al 4 dogters word in die SA-span opgeneem om SA in Julie 2016 in New York by "Talent America" te verteenwoordig.

SATCH NASIONALE RONDTE:

Lauren Blight: 14 Goud, 1 Platinum, wenner, gekies om by "Showcase" op te tree, SA-span;
Céhanè de Beer: Wenner, Top 10;
Nicola Kotze: Jazz (No 7 op Top 10), Open (No 8 op Top 10);
Monique van Niekerk: Wenner;
Mariska van der Spuy: Wenner, Drama Top 10;
Mizelle Saaiman: Top 10 Sang (17-19);
Lauren, Céhanè, Nicola en Mariska word in die SA-span opgeneem om aan die Wêreldkampioenskappe in Los Angeles deel te neem.

ACAPELLA

Eerste Acapella groep (genaamd Virtuoso), wat bestaan uit 20 leerders, word gestig onder die leiding van Mev Celia de Beer. Tweede plek in ATKV se nasionale kompetisie. Verwerf 2 van 3 toekennings: Beste Uitbeelding van Tema, en Beste Verwerking van FAK-lied.

Neena de Frey en Caren Pretorius (Gr 12) is gekies om by die Gauteng Dept van Onderwys se spogkonsert op te tree.

VOORTREKKERS

Presidentsverkenners: Quintin Strydom, Christopher van der Westhuizen, Kale Neethling

"NEA YOUNG PERFORMERS SHOWCASE" (APRIL 2016)

Eben Ernst (Gr 9) – eerste rondte;
Cari-Juané Wessels (Gr 9) – eerste rondte;
Walther Ross, Leticia du Plessis (albei Gr 11) – Kwarteindrondte;
Céhanè de Beer (Gr 10) – Semi-finaal;
Ané Bierman (Gr 8) – Finaal.

EISTEDDFOD (AUG- OKT 2016) – TOPPRESTASIES

Walther Ross – Itemwenner;
Lauren Blight – 3 Itemwenner, Medaljewenner, Ambassadeur;
Leticia du Plessis – Itemwenner;
Cari-Juané Wessels – Itemwenner, Medaljewenner, Ambassadeur;
Nicola Kotze – 9 Diplomas, 2 Itemwenner, 2 Medaljewenner, 2 Ambassadeur, No 9 op Top 10;
Mariska van der Spuy – 13 Diplomas, Medaljewenner, Wenner: Vokaal ("Musical & Broadway" met begeleiding), Vokaal ("Musical & Broadway" met "backtrack"), Vokaal (Afrikaans), Algehele Wenner Hoërskool Vokaal, No 6 op Top 10;
Eben Ernst – 2 Itemwenner;
Céhanè de Beer – Itemwenner, 3 Medaljewenner, 4 Ambassadeurstoekenning, No 3 op Top 10;
Ruth van der Heever – 7 Diplomas, 3 Itemwenner, Medaljewenner, Ambassadeur, Beste Senior Danser;
Neena de Frey – Algehele wenner Hoërskool Instrumentaal, Wenner: Klassiek, Barok, Romanties;
Amoré Vlok – Itemwenner;
Caren Pretorius – Trofee "Most Promising Recorder Player 18 and under";
Monique van Niekerk – Afdelingwenner (Hoërskool Instrumentaal), Medaljewenner, Ambassadeur, No 10 op Top 10;
Anya Simpson – 9 Diplomas, 1 A+;
Pieter Booysen – 7 Diplomas, 3 A+;
Celia Britz – Itemwenner;
Nicole Roberson – Itemwenner;
Stephanie vd Heever – Itemwenner;
Tristan vd Walt – Itemwenner;
Mia Snyman – Itemwenner;
Thiné Venter – Itemwenner, Algehele wenner Junior "Tap Dancer";
Martin Meyer – Itemwenner;
Marné Peens – Itemwenner;
Chané Raath – Itemwenner;
Wian Coetzee – Itemwenner;
Daniel Keet – Itemwenner.

Hoërskool Randburg No 2 op Top 10 van alle instansies. (Enigste Afrikaanse Hoërskool op Top 10).

PRODUKSIES

ATKV Tienertoneel ("Gallery 7") geskryf en afgerig deur Christopher van der Westhuizen (Gr 12), Janu Opperman (Gr 11) ontvang brons sertifikaat vir toneelspel by die streeksuitdunne in Potchefstroom, Neena de Frey (Gr 12) komponeer musiek vir die stuk en kry eervolle vermelding daarvoor.
'n Junior tienertoneelstuk ("Moerkoffie") word afgerig deur Leticia du Plessis (Gr 11). Hulle verwerf 'n goue sertifikaat by die NEA.
'n Baie geslaagde Winterkonsert word aangebied met ons beste talent en oudleerling, Anrich Herbst, is die seremoniemeester.
Die tiende Kriewelfees is aangebied in Augustus.
Oudisies afgehandel vir pantomime aangebied in 2017.

ANDER PRODUKSIES (BUITE SKOOL)

Christopher van der Westhuizen (Gr 12) – Vertolk rol in RSG Radiodrama "Ratels" deur Leon van Nierop asook, "Baron in die Bome", deur Evert Snyman. Hy vertolk ook een van die hoofrolle in die film, "Jou Romeo", vrygestel Desember 2016.
Mariska van der Spuy (Gr 11) vertolk 'n hoofrol in "Big Bad Musical", "Born to Perform", "On the Night".
Leticia du Plessis – SABC YoTV – Talent Mondays (Nasionale Vrouedag, Aug), YoTV Erfenisdag (Sept).

"TRINITY PERFORMANCE ARTS"-EKSAMEN

Mariska van der Spuy (Gr 11): Gr. 8 "Musical Theatre" (91%); Gr. 7 "Musical Theatre Group" (90%) en Gr. 8 "Performing Arts" (85%);
Céhanè de Beer (Gr 10): 89% Gr 6 "Speech & Drama";
Christine van Greunen (Gr 10): 81% Gr 6 "Speech & Drama";

ATKV REDENAARS

Celia Britz (Gr 10) dring deur na die finale rondte te Buffelspoort.
Gauteng Redenaars: Celia Britz No 4 en Mariska van der Spuy No 7 op Top 10.
Radikale Redenaars: Mariska van der Spuy (Gr 11): Semi-finaal

REDENAARS EN SPEECH GUILD

Verskeie van die "Speech Guild"-spanne verwerf A+- en A-simbole.
Melissa Kapp (Gr 11), wat as seremoniemeester opgetree het by een van die aande, word uitgenooi na die provinsiale gala-aand, waar sy 'n spesiale toekenning ontvang.
Ons bied ons eie redenaarskompetisie (individueel en groep, onvoorbereid en voorbereid) aan by die skool met buite-beoordelaars. Baie van die spanne verwerf A- en A+-simbole.

DANS EN ANDER "PERFORMANCE" KOMPETISIES

Leticia du Plessis (Gr 11) – "All SA Open Dance Championship: Ballroom & Latin": Wenner "Ballroom (Jnr)", Wenner "Latin" (Jnr), Wenner "Argentine Tango" (Jnr), 2e plek "Pro-Am Ballroom" ("all ages"), 3e Plek "Pro Am Latin" ("all ages"); Gauteng Kampioenskappe "Ballroom" en "Latin Dancing" – Wenner "Ballroom" (16-21 jaar), "Latin" (16-21 jaar), "Viennese Waltz" (16-21 jaar), "Argentine Tango" (16-21 jaar); "Supreme Dancer of the Year" – wenner "Ballroom" ("Youth/Adult"), 2e "Latin" ("Youth/Adult"); SADTA – Prov titel "Ballroom" ("Adult Silver"), skuif op na Goud, 1e "Viennese Waltz", 2e "Latin".
Celia Brits (Gr 10) –opgeneem in 'n SA-dansspan wat in 2017 in Serwië aan Novi Sad Kompetisie te gaan deelneem.
Ruth van der Heever (Gr 8) – Deel van "Elite Dream Team".
Thiné Venter (Gr 8) – "Dancing with the Giants" aangebied deur die IDO ("International Dance Organisation") – 1e plek, Gauteng "Championships" – 1e, 3e, 5e plek (4)
Ané Bierman (Gr 8) – "World Dance Cup" – wenner, Finaal "Val Whyte Bursary", Opgeneem in "Elite College of Excellence".

INTERNASIONALE DEELNAME

Ruth van der Heever (Gr 8) – SA Dansspan neem deel by ADA ("American Dance Awards") in New York in Jun/Jul 2016: 7 Goud, 1 "Ultimate" goud.

KULTUURTROFEES

Junior Kultuurdogter:	Gedeel deur Ruth van der Heever (Graad 8) & Nicola Kotze (Graad 9)
Junior Kultuurseun:	Eben Ernst (Graad 9)
Senior Kultuurdogter:	Celia Britz(Graad 10)
Senior Kultuurseun:	Christopher van der Westhuizen (Graad 12)
Best Orator:	Christopher van der Westhuizen (Graad 12)
Beste Junior Redenaar:	Eben Ernst (Gr 9)
Beste Senior Redenaar:	Celia Britz (Gr 10)
Beste Eisteddfod Prestasie:	Gedeel deur Mariska van der Spuy (Graad 11) en Céhanè de Beer (Graad 10)
Beste Buiteskoolse prestasie:	Gedeel deur Ruth van der Heever en Ané Bierman (albei Gr 8)
Beste Toneelspeler:	Janu Opperman (Graad 11)

HOËRSKOOL RANDBURG : MAGNEETSKOOL VIR MUSIEK

Ons doelwit by Hoërskool Randburg se Magneetskool vir Musiek is om soveel moontlik leerders musiekgeletterd te maak deur middel van hoogstaande onderrig.

PERSONEEL

Die Magneetskool het tans vyf permanente aanstellings, nl. Sarie Jacobs, Annemarie Kirsten, Elmarie Potgieter, Nadine Pretorius en Trudi van Wyk. Riekie Bezuidenhout is ook in 'n beheerliggaamspos aangestel om verligting met die steeds groeiende waglys te gee. Ses ander persone gee op huurkontrak klas by die Magneetskool. Ons het ook Maandag tot Donderdag middae 'n kantoordame.

LEERDERGETALLE

Ons het 2015 met 170 leerders wat individuele onderrig kry, afgesluit en hierdie jaar met 210. Leerders van minstens dertien verskillende skole skakel by ons in. Daar was 23 vakmusiekleerders, waarvan 6 leerders van ander skole is. "Kingsway School of Concern" is ons uitreikskool waar daar weekliks vir 125 gr 1 – 3 leerders klasmusiek aangebied word.

KONSERTE

Gedurende 23 Mei – 26 Mei is ons winter-/ensemble-konserte gehou. Elke leerder in die Magneetskool het hier die geleentheid gehad om óf saam met 'n onderwyser óf saam met 'n ander leerder op te tree.
'n Hoogtepunt hierdie jaar was ons "Black Tie"-konsert met Zanta Hofmeyr (viool) en Charl du Plessis (klavier) ter inwyding van ons pikswart, nuwe vleuelklavier. Dit was 'n musikale ervaring met 'n stampvol ouditorium!
Op Maandagaand, 31 Oktober het ons jaarlikse prestige prysuitdelingskonsert plaasgevind waartydens erkenning aan al die presteerders gegee is. Die leerders wie se name op die ereborde in die Ouditorium aangebring is, het elk 'n Hoërskool Randburg MMS-lapelwapen ontvang – 'n eerste vir ons.
Op Donderdag, 27 Oktober vind 'n "black tie"-konsert plaas.

EISTEDDFOD

Gedurende 22-26 Augustus het die Magneetskoolpersoneel weereens die musiekafdeling van Sentraal Gauteng Eisteddfod met 'n inskrywingsgetal van 320 georganiseer. Hierdie jaar is gekenmerk deur veel meer buite-inskrywings van ander skole.
Ons eie leerders het uitstekend gevaar. Diplomas (90%+) – 76, A+ (85-89%) – 91, A (80-84%) – 50,, B+ (75-79%) – 17 en B (70-74%) – 6.

EKSTERNE EKSAMENS

PRAKTIES: 44 Leerders is ingeskryf waarvan 4 op Unisa se ererol (90%+) verskyn, 22 slaag met lof (80%+), 14 met eervolle vermelding (70%+) en 4 slaag (50%+).
TEORETIES: Ons wag tans vir 2016 se uitslae, dus voorsien ons u met 2015 se uitslae: 48 Leerders het ingeskryf, waarvan 30 op Unisa se ererol (90%+) verskyn, 13 met lof (80%+), 3 met eervolle vermelding (70%+) en 2 slaag (50%+).

INTERNE ASSESSERINGS/EKSAMENS

Alle leerders lê aan die einde van die tweede en derde kwartaal interne praktiese en teoretiese eksamens af en ontvang rapporte/verslae.

TOONLEERKOMPETISIE

'n Toonleerkompetisie waaraan al die Unisa en ABRSM praktiese eksamenleerders deegelneem het, is op Vrydag, 29 Augustus gehou. Die eerste en tweedeplek wenners het kontantprysgeld gewen.

UITSONDERLIKE LEERDERPRESTASIES

Na aanleiding van Neena de Frey se vertolking van haar Barokstuk op die Eisteddfod is sy gevra om by die Suid-Afrikaanse Musiekonderwysers Vereniging se jaarvergadering op te tree. Sy het ook by die GDO se konsert vir uitsonderlike musiektalent opgetree, na aanleiding van haar praktiese eindeksamenspel. Beide geleenthede was vir haar 'n groot eer.
Klarika Keyter het 'n beurs van Unisa vir Gr 3 teorie ontvang as nasionale toppressteerder. Sy het 100% in die eksamen behaal.

FASILITEITE

'n Welkome stoorkamer vir ons instrumente is geskep en die Magneetskool het esteties 'n hele gedaanteverwisseling ondergaan.

Ons is dankbaar vir 'n wonderlike, suksesvolle jaar wat met baie ekstra ure en harde werk gepaard gegaan het.

PERSONEELAKTIWITEITE

Gedurende 2016 het verskeie van ons onderwysers ook besonderse buitemuurse prestasies behaal.

- Mnr Jaco Engelbrecht is in 2016 aangewys as die Afrika Gewigstootkampioen.
- Mnr JP Olivier was deel van die Leeus Amateur rugbyspan en is aangewys as Pirates Rugbyklub se speler van die jaar.
- Mev Sarita Morrisson het nasionale kleure verwerf in hondesport.
- Mnr Corne Basson is aangewys as een van die Noordvaal-afrigters en is saamgenooi as 'n afrigter op die Noordvaal-toer na Italië.
- Mev Sarie Jacobs het die Argus suksesvol voltooi. Sy het ook 'n Meriete sertifikaat van Unisa ontvang vir uitstaande praktiese en teorie-onderrig. Om hierdie toekenning te ontvang, moet 'n onderwyser minstens tien leerders inskryf vir Unisa-eksamen en ten minste 'n 80% gemiddeld behaal.

Baie geluk aan elkeen van die bogenoemde personeel. Ons het groot waardering vir julle prestasies buite skoolverband.

FASILITEITE

Ons het vanjaar verskeie projekte aangepak. 'n Pragtige monument wat die aantal jare asook leerdergetalle en ander inligting vir elke jaar uitbeeld is in ons voortuin opgerig. Ons sekuriteitswag het 'n nuwe huisie by die ingangshek gekry om hom ook in die winter teen die bittere koue te beskerm.
Die skool se swembad is nuut oorgeverf en nuwe toue is aangekoop om die bane aan te dui.
Ons is besig om al die klaskamers op te gradeer met 'n nuwe verf-skakering. Meer as 80% van die klaskamers is reeds gedoen. Die projek gaan voort in die nuwe jaar.
Twee klasse in die F-blok se vloere het gekraak en moes opgekap word. 'n Nuwe sementblad is in albei klasse gelê.
Die paviljoen is ook besig om 'n nuwe kleed te kry. Die dak is reeds oorgeverf, asook alle staalwerke op die grond.
Die dakke by die B- en C-blokke se raamstrukture is vervang weens verwering oor die jare, want dit het 'n veiligheidsrisiko geword.
Algemene instandhouding gaan voort en hiervoor sê ons baie dankie aan al ons werkers wat die terrein so mooi in stand hou.

HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Ons skool is vanjaar 50 jaar oud. Ons het baie oud-Randjies ontmoet en kon deel in hul ervaringe van ons skool. So besef 'n mens dat jy deel is van iets baie groter as die nou en hier en wat 'n voorreg om deel te wees van Randburg.

Op elke terrein van die lewe is Randjies besig om diep spore te trap. Van 'n Visekanselier by 'n universiteit in Engeland, tot van ons land se top neurochirurge is oud-Randjies. Byna daagliks is Randjies te sien op televisie en van hulle is bykans volksbesit.

Randburg is vanjaar drie paralimpiese silwermedaljes ryker en ons het die voorreg gehad om fisies aan die medaljes te vat. Ons het ons eerste junior rugby-Springbok sien speel in die Wêreldkampioenskap te Engeland. 'n Onderwyser is die Afrika gewigstootkampioen. Van ons oud-leerlinge studeer tans in die VSA waar hulle atletiektalente verder ontwikkel.

Van ons leerders verteenwoordig Suid-Afrika oorsee: op die verhoog, op die gimnastiekvloer, met binneshuise krieket.

Randburg se Stem word dwarsoor die wêreld gehoor.

Wie sou dan nie Trots wees nie?

En dankbaar: dankbaar vir die mense van ons skool. Kinders kruip binne in 'n mens se hart en die afskeid na matriek is swaar. Kon 'n mens nie maar net nog 'n stukkie van hulle elkeen jou eie maak nie...? Heelaas gaan die lewe aan en moet vlerke sprei. Horisonne moet verbreed en groei na wat hulle bedoel is om te wees.

Dis vir 'n tyd lank chaos by universiteite in RSA. Oud-Randjies swot by die huis en kry hulle materiaal via die internet. Ander draf klas in kerke en sale oral in die stad….maar swot, sal ons swot.

Met Suid-Afrika in hiérdie hande, kan ons weer met reg begin droom. Droom vir 'n land waarin 'n mens eendag oud wil word. Droom vir 'n Suid-Afrika waarin al sy mense in voorspoed ons skoolkleure se simboliek uitleef: Blou vir Hoop, Rooi vir Krag, Wit vir Vrede en Geel vir TROTS. Laat ons skoollied se woorde, "Aan Randburg Alma Mater, Jou beloof ons ewig Trou", 'n lewende werklikheid vir elkeen wees en dat ons op hierdie wyse ons skool se volgende vyftig jaar as merkwaardig, verseker.

Dankie aan ons Beheerliggaam, ons Personeel, ons Kinders, ons Ouers en ons Gemeenskap. Julle maak hierdie skool baie spesiaal.

BEHEERLIGGAAMVOORSITTERVERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Die tyd het gevlieg met die gevoel asof 2016 se begin nog vars in ons geheues is en nou neem ons al die jaar in oënskou.

Ons het 2016 afgeskop met uitstekende matriekresultate vir 2015. Vyf van ons leerlinge het gemiddelde van meer as 90% behaal, waarlik 'n prestasie om op trots te wees. Dit is weereens bewys dat Hoërskool Randburg een van die top akademiese skole in die land is.

Randburg beweeg die laaste klomp jare van krag tot krag en 2016 het hierdie tendens volgehou. Die graad 8-groep is die grootste in meer as 14 jaar, en daar het ook 'n groot groep nuwe, jong ambisieuse onderwysers by die skool aangesluit. Randburg se ingang het ook 'n nuwe gesig gekry met die voortuin vol nuwe beelde, ter herdenking van Hoërskool Randburg se geskiedenis.

Hierdie jaar was spesiaal vir Randburg, aangesien dit die 50ste bestaansjaar van die skool is. Verjaarsdagpartytjies is gehou en by verskeie geleenthede is hierdie mylpaal gevier. Dit is ook gepas dat Hoërskool Randburg in hierdie jaar gasheer gespeel het vir die Superinterhoër-atletiek sowel as die jaarlikse Randburg-Linden Derby, waar Randburg die Voorsitterstrofee teruggewen het.

Oud-Randjies het die skool se naam trots gemaak op internasionale vlak. Franco van den Berg is gekies vir die Junior Springbokke wat in Engeland aan die wêreld U/20 rugbykampioenskap deelgeneem het. Irmgard Bensusan het die merkwaardige prestasie behaal om 3 silwer medaljes by die Paralimpiese spele in die 100m-, 200m- en 400m- T-44-klassifikasie te verower.

'n Groot woord van dank aan mnr. Booysen, onderwysers en personeel vir hulle harde en onbaatsugtige werk om van ons skool 'n sukses te maak en dit verder uit te bou!

'n Spesiale woord van dank aan ons ouers sonder hulle ondersteuning kan ons nie 'n skool suksesvol bestuur nie.

Die hart van ons skool bly egter ons leerders wat ons skool dra met hulle entoesiasme, energie en gees. Julle is elkeen in eie reg 'n ster.

As ons terugkyk na hierdie besige jaar, is dit met groot dankbaarheid aan ons Hemelse Vader

Geseënde Kersfees en voorspoedige 2017 vir elkeen van julle.

Randjie-Groete